higher education & training

Department:
Higher Education and Training
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

NASIENRIGLYN

NASIONALE SERTIFIKAAT (BEROEPSGERIG)

DIEREPRODUKSIE
NKR VLAK 3

6 Desember 2023

Hierdie nasienriglyn bestaan uit 7 bladsye.

Kopiereg voorbehou

AFDELING A

VRAAG 1

1.1	1.1.1	B		
	1.1.2	D		
	1.1.3	C		
	1.1.4	B		
	1.1.5	B		
	1.1.6	C		
	1.1.7	C		
	1.1.8	A		
	1.1.9	B		
	1.1.10	A		
			(10 × 1)	(10)
1.2	1.2.1	Waar		
	1.2.2	Waar		
	1.2.3	Waar		
	1.2.4	Waar		
	1.2.5	Onwaar		
	1.2.6	Waar		
	1.2.7	Waar		
	1.2.8	Waar		
	1.2.9	Waar		
	1.2.10	Waar		
			(10 × 1)	(10)
1.3	1.3.1	H		
	1.3.2	J		
	1.3.3	F		
	1.3.4	C		
	1.3.5	I		
	1.3.6	D		
	1.3.7	B		
	1.3.8	A		
	1.3.9	E		
	1.3.10	G		
			(10 × 1)	(10)
				[30]

Kopiereg voorbehou

VRAAG 2

2.1 As die soutkonsentrasie in die lyf te hoog is, vind die volgende proses plaas:✓

- Wanneer die hipotalamus 'n styging in soutvlakke waarneem, stuur dit 'n boodskap na die pituïtêre klier.✓
- Die pituïtêre klier skei meer antidiuretiese hormoon (ADH) in die bloed af.✓
- Die ADH veroorsaak dat die niere meer water in die bloed herabsorbeer.✓
- Die soutkonsentrasie van die bloed daal terug na die stelpunt.✓

As die soutkonsentrasie in die lyf te laag is, vind die volgende proses plaas:✓

- Die hipotalamus neem die daling in soutvlakke waar en stuur senuweeimpulse na die pituïtêre klier.✓
- Die pituïtêre klier verlaag ADH-afskeiding, dus daal die ADH-vlak in die bloed.✓
- Die nier herabsorbeer minder water terug in die bloed.✓
- Die soutkonsentrasie van die bloed styg terug na die stelpunt.✓ (10)

2.2

- Die reseptors stuur senuweeimpulse vanaf die reseptor in die sintuig✓ na die sentrale senuweestelsel.✓
- Motor- of effektorneurons stuur senuweeimpulse vanaf die sentrale senuweestelsel✓ na die effektor (spier) in die lyf.✓
- Tussen- of oordraneurons verbind sensoriese✓ en motorneurons met mekaar.✓ (6)

2.3

- Nier
- Blaas
- Ureter
- Uretra (4)

[20]

TOTAAL AFDELING A:

AFDELING B

VRAAG 3

3.1 3.1.1 Skaapvleis✓ en wol✓

3.1.2 Die twee provinsies het 'n gunstige klimaat✓ en plantegroei✓ vir skaapboerdery.

(2 × 2) (4)

3.2
- Woldraende skaaprasse, bv. merinoskaap
- Vleisskaaprasse, bv. ronderib-Afrikaner, swartkopskaap
- Dubbeldoelskaaprasse, bv. Corriedale, Hamshire, Letelle, Dorset Horn, Suid-Afrikaanse vleismerino en Southdown

(EEN ras en EEN voorbeeld) (3 × 2) (6)

3.3
- Opreg
- Energiek
- Sterk
- Goed gebou met voldoende grootte vir ouderdom
- Toon teen uitermatige ontwikkeling van velplooie nie (Enige 4 × 1) (4)

3.4
- Somer- en winterreënval✓
- Halfdor streke✓
- Hoë temperature en lae reënval✓
- Kort bossies✓ en doringbosveld met lae dravermoë✓ (5)

3.5
- Teling
- Teelprestasie
- Soort
- Groote
- Bou
- Vageienskappe
- Vrugbaarheid (6)

[25]

VRAAG 4

4.1
- Bosluise
- Myte
- Luise
- Vlieë (4)

4.2
- Dit hou nadelige gevolge in wat veroorsaak word deur voortgesette weiding deur al die groeifases van eetbare plante.
- Dit beskadig bossies en grasse wat vroeg ontkiem.
- Dit beskadig herfsweiveld, veral bossies.
- Dit beïnvloed somer- en winterweiveld op gemengde gras/bossie-gemeenskappe.
- Dit veroorsaak gronderosie.
- Dit veroorsaak grondagteruitgang.
- Dit veroorsaak verwoestyning. (Enige 5 × 1) (5)

4.3
- Veldsoorte met dieselfde potensiaal en smaaklikheid vir weiding moet saam omhein word.
- Klein gedeeltes minder smaaklike veld moet met groter dele smaakliker veld omhein word.
- Sekere dele, soos waterlope en areas wat geneig is tot erosie, moet geskei word.
- As kwesbare veld saam met niekwesbare veld omhein word, moet weiding plaasvind asof die hele kamp uit kwesbare veld bestaan.
- Die beste veld met die hoogste persentasie baie smaaklike meerjarige grasse moet vir soogskape gereserveer word.
- Die kampe moenie te groot wees nie.
- Die verskillende soorte veld moet deur kampe geskei word.
- Ten einde voedingstekorte uit te skakel, moet kampe wat saam gegroepeer is verteenwoordigend wees van die verskeidenheid veldsoorte op die plaas. (8)

4.4 Boerdery/Veeteelt (1)

4.5
- Bespaar voer en weiveld
- Bevorder beter benutting van veevoer deur jong, groeiende diere
- Is geskik vir toepassing tydens swak seisoene
- Bied 'n langer hersteltydperk vir die ooi
- Verhoed oorbeweiding waar weiveld beperk is (5)

4.6 Kunsmatige bevrugting is 'n proses waarin 'n fyn kateter (buis)✓ deur die serviks in die uterus geplaas word om 'n spermmonster direk toe te dien.✓ (2)

[25]

TOTAAL AFDELING B: 50

AFDELING C

VRAAG 5

5.1 Die varkies moet 'n warm,✓ droë✓ en skoon✓ omgewing hê en teen die ooi beskerm word.✓ (4)

5.2
- Hulle kan in uiterste toestande oorleef✓ en aanteel.✓
- Kombuisafval en ander weggooikos kan aan hulle gevoer word.✓
- Hulle is bestand teen siektes.✓
- Hulle is redelik bestand teen eksterne parasiete.✓
- Hulle benodig min ruimte.✓
- Hulle is goed aangepas by die Suid-Afrikaanse omgewing.✓
- Hulle kan vir kruisteelt met kommersiële soorte gebruik word.✓ (8)

5.3
- Die doeltreffendheid van voeroorskakeling✓
- Groeitempo✓ en karkasgehalte✓ van varkbere
- Vrugbaarheid✓ en moedersorgvermoë✓ (5)

5.4
- Dit verhoog die mate waarin die nakomelinge 'eenders' is.
- Die nakomelinge is meer eenvormig met betrekking tot sekere gewenste eienskappe.
- Dit handhaaf 'n nabye verhouding tussen opeenvoglende generasies en 'n voorouer van uitstekende gehalte.
- Ongewenste of swak eienskappe word makliker waargeneem. (4)

5.5
- Goeie lengte
- Stewige kop
- Stewige nek en skouers
- Sterk dye en boude
- Egalig verspreide vet
- Hoë vrugbaarheid, goeie moedersorgvermoë en ekonomiese kosoorskakelaars

(Enige 4 × 1) (4)
[25]

VRAAG 6

6.1 Die krat word in die hok geplaas om die ooi tydens✓ en vir ’n paar dae nadat die varkies gebore is in te perk.✓ (2)

6.2
- Die ooi moet aan die einde van soging in ’n goeie toestand wees.
- Die ooi moet 2 kg van ’n gebalanseerde rantsoen per dag gevoer word, en tussen 0,5 en 0,7 kg per varkie bo vier varkies per werpsel.
- ’n Soogdieet van 14% tot 14,5% proteïen bied voldoende proteïen tydens die soogfase.
- ’n Goeie rantsoen melkformule is nodig om melkproduksie van groot ooie met hoë instandhoudingsvereistes te stimuleer.
- Die verandering in lewendige massa wat die ooi ondergaan, is die beste kriterium om voervlakke te bepaal.
- Die ooi met ’n gemiddelde werpsel moenie minder as 600 g proteïen ontvang nie.

(Enige 5 × 1) (5)

6.3 Varkies word gebore met ’n beperkte voorraad ysterreserwes,✓ wat vinnig opgebruik word wanneer hulle groei.✓ (2)

6.4
- Dit moet op so ’n manier gebou word dat dit koel is in die somer.
- Die vloer moenie te glad wees nie sodat die varkbeer nie beseer word nie.
- Dit moet binne maklike bereik van ooie wees wat gedek word.
- Varkbere moet ooie kan sien, hoor en ruik.
- Die hok moet ook groot genoeg wees dat die bere oefening kan kry. (5)

6.5
- Vleksiekte (diamantsiekte)
- Olierigevarksiekte
- Leptospirose
- Parvovirus
- Anemie (ystertekort)
- Kolibasillose (Enige 5 × 1) (5)

6.6
- Vlieë, muggies en muskiete moet een week voordat hulle die volwasse fase bereik✓ in hul broeiplekke doodgemaak word.✓
- Luise kan deur die gebruik van geregistreerde bosluisdip beheer word.✓ Nuwe, baie doeltreffende stelselmatige stowwe wat ’n baie klein dosis per dier verg, is tans beskikbaar.✓
- Bosluisbeheer hang van die gebruik van chemiese plaagdoders af, wat as ’n dip of sproei gebruik word.✓ Die gemiddelde voedingstydperk van ’n bosluis op ’n gasheer is ongeveer een week vir elke fase.✓ (6)

[25]

TOTAAL AFDELING C: 50
GROOTTOTAAL: 150

Kopiereg voorbehou